Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2018

AFRIKAANS HUISTAAL V2

PUNTE: **80**

TYD: **2½ uur**

* A F R H L 2 *

Hierdie vraestel bestaan uit 27 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die tipe vraag wat jy wil doen. Neem die voorskrifte by elke vraag in ag.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Prosa (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE uit AFDELING A, EEN uit AFDELING B en EEN uit AFDELING C.

   AFDELING A: GEDIGTE
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedigte – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   AFDELING B: PROSA
   Beantwoord EEN vraag.

   AFDELING C: DRAMA
   Beantwoord EEN vraag.

5 **KEUSE VAN ANTWOORDE UIT AFDELING B (PROSA) EN C (DRAMA)**

   - Beantwoord SLEGS die vrae van die prosa en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTEL VRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG.
   - Indien jy opstelvraag van AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag van AFDELING C beantwoord. Indien jy egter die kontekstuele vraag van AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou met jou keuses te help.

6 **LENGTE VAN ANTWOORDE**

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250–300.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400–450 woorde elk.
   - Die lengte van die kontekstuele vrae word bepaal deur die puntetoekenning van elke vraag. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

Kopiereg voorbehou

9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

INHOUDSOPGAWE

Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees.

AFDELING A: GEDIGTE **Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**			
VRAAGNOMMER	**VRAAG**	**PUNTE**	**BLADSY**
1. "eerste worp"	Opstelvraag	10	6
2. "Twee kleuters in die Vondelpark"	Kontekstuele vraag	10	7
3. "Vincent van Gogh"	Kontekstuele vraag	10	8
4. "Wie's hy?"	Kontekstuele vraag	10	9
	EN		
Ongesiene gedig: Verpligtend			
5. "eksamen"	Kontekstuele vraag	10	10
AFDELING B: ROMAN **Beantwoord EEN vraag.***			
6. *Die kwart-voor-sewe-lelie*	Opstelvraag	25	11
7. *Die kwart-voor-sewe-lelie*	Kontekstuele vraag	25	11
8. *Manaka Plek van die Horings*	Opstelvraag	25	13
9. *Manaka Plek van die Horings*	Kontekstuele vraag	25	13
10. *Vatmaar*	Opstelvraag	25	15
11. *Vatmaar*	Kontekstuele vraag	25	16
12. *onderwêreld*	Opstelvraag	25	18
13. *onderwêreld*	Kontekstuele vraag	25	18
AFDELING C: DRAMA **Beantwoord EEN vraag.***			
14. *Krismis van Map Jacobs*	Opstelvraag	25	21
15. *Krismis van Map Jacobs*	Kontekstuele vraag	25	21
16. *Mis*	Opstelvraag	25	24
17. *Mis*	Kontekstuele vraag	25	24

***LET WEL:**	Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik. **Jy mag NIE TWEE opstelvrae of TWEE kontekstuele vrae beantwoord NIE.**

Kopiereg voorbehou

KONTROLELYS

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

AFDELING	VRAAG-NOMMER	GETAL VRAE BEANTWOORD	MERK✓
A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte)	1–4	2	
A: Gedigte (Ongesiene gedig)	5	1	
B: Roman (Opstel- of kontekstuele vraag)	6–13	1	
C: Drama (Opstel- of kontekstuele vraag)	14–17	1	
LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.			

AFDELING A: GEDIGTE

VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

eerste worp – T.T. Cloete

ons het nie ou katedrale en kastele nie,
geen breë riviere bevaarbaar vir groot skepe nie.
die min wolke wat ons het, is yl versprei.
ons het nie groot metropole nie.
ons is sonder donkergroen woude.
dun is ons geskiedenis met min groot name

soos beethoven of dante
of rembrandt of bramante

ons het min onwerklike sagte drome

maar ons het uitgestrekte woestyne
en krom grys bome wat houtbeen vasskop
in die droë sand en koets teen die son

ons het baie droë lope
en oerrivierbeddings met ou inheemse name
soos gourits en storievertelname soos skrij
of kameelsleep en lijersdraai

en baie reste naby die eerste worp

by wêreldseinde in die suisende stil nag
hoor jy die jakkalse en fossielskreeu
iewers tussen angstjank en primitiewe spotlag

[Uit: *Uit die hoek van my oog*, 1998]

Bespreek in 'n opstel van 250–300 woorde die kontraste/teenstellings wat duidelik uit hierdie gedig blyk. **[10]**

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

Twee kleuters in die Vondelpark – Elisabeth Eybers

Twee kleuters in die Vondelpark bly staan
'n klein oneindigheid lank hand-in-hand

Smetloos geteken dryf die dubbelswaan:
gesplete hart van hals en dubbelhals,
geskulpte vlerk met dubbelvlerk teenaan,
geslote snawel dynserig vervals
met eenkant lug en water anderkant.

Versadig van die roerlose gesig
pluk hy – die seuntjie – plotseling aan haar hand
vir verdergaan, sleep haar tot ewewig
as sy nog strompelend omkyk na die swaan.

Verby die bome druis die straatrumoer.

Van skopfiets tot trapfiets gepromoveer,
bromfiets tot motor, sal hy konstateer
– die wiel sy ordeteken – dat hy lid
is van die kollektiewe Lilliput.

Maar sý sien webbe onderwater roer.

Miskien is dit die laaste dag van staar
en grondlose verwondering. Wat sou
hý, weerloos wordend, wees oor dertig jaar?
'n Saaklike barbaar, 'n fyn sadis,
'n doktrinêre Hollandse meneer?
En sý 'n druk slagvaardige mevrou
met 'n allure van dít-is-soos-dit-is?

Die swaan bly oor sy dubbelbeeld gekeer.

[Uit: *Balans,* Human & Rosseau]

2.1 Herlees strofe 1.
Benoem en verduidelik die stylfiguur in versreël 2. (2)

2.2 Motiveer waarom die gebruik van die enjambement in strofe 3 funksioneel is. (1)

2.3 Watter stemming is oorheersend in versreël 1−7 van die gedig? (1)

2.4 Herlees versreël 16.
Verklaar die verwysing na Lilliput in versreël 16 en bring dit in verband met die seun se staanplek in die samelewing. (3)

2.5 Bespreek hoe strofe 7 die boodskap van die gedig ondersteun. (2)

2.6 Verklaar hoekom die slotstrofe as die klimaks van die gedig beskou word. (1)

[10]

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

Vincent van Gogh – D.J. Opperman

Jy het as 'n miskende
heilige vergeefs geveg teen die ellende
en die onreg in die krotte van die myn,
in agterbuurtes en op landerye; slegs die pyn
en skriklike stryd van God
leer ken, wat mens en boom verknot
in Sy kramptrekke; maar eers toe jy die koringgerwe
in aanbidding van die son kom verwe,
boere, wasvrouens en gepynigde gesigte,
die kantelende landskap in die snelle ligte
geel en groen en blou – alles met koorsige gevlek
tot branding van die skone kon verwek,
toe is Sy hartstog eers in jou volbring
soos groen sipresse tot 'n vlam verwring.

[Uit: *Heilige Beeste,* 1945]

3.1 Haal TWEE woorde uit versreëls 1–3 aan wat daarop dui dat Van Gogh se werk nie erken is nie. (2)

3.2 Benoem die halfrym in versreël 5 en gee die funksie daarvan. (2)

3.3 Verduidelik die suggestie van die woorde na die kommapunt in versreëls 7–8. (1)

3.4 Wat beteken *kantelende* in versreël 10? Benoem ook die stylfiguur in versreël 10 en verduidelik hoekom die gebruik van dié stylfiguur geslaagd is. (3)

3.5 Watter stemming heers aan die einde van hierdie gedig? (1)

3.6 Sê hoekom die woordkeuse van *groen sipresse* in die slotreël gepas is as dit in verband met Van Gogh se lewe gebring word. (1)

[10]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

Wie's hy – Adam Small

Die poet
wie's hy?
Djulle het so baie bek oorie poet
ma wié's hy?
Is hy rêrag soes djulle dink
Die ou moerie pen ennie ink
wat in sy study sit en poems dink?

Nai,
djulle's mistaken,
ma djulle is die poets
djulle wat ini straat in loep
ennie gladde bek verkoep
ma die dinge sien
en soema net daa God tien hulle roep!

[Uit: *Sê Sjibobolet*, 1963]

4.1 Wie is die aangesprokene in hierdie gedig? (1)

4.2 Watter stemming oorheers in die gedig? (1)

4.3 Herlees versreëls 1−2 en versreël 10.

Is dit nog steeds korrek om te sê dat die eerste strofe uit retoriese vrae bestaan? Motiveer jou antwoord. (1)

4.4 Watter taalvariëteit oorheers in die gedig? Noem enige kenmerk daarvan soos dit uit die gedig blyk en motiveer waarom die gebruik daarvan geslaagd is. (3)

4.5 Watter verantwoordelikheid rus, volgens versreëls 13–14 op die skouers van die digter? Dink jy die spreker se mening is geregverdig? Motiveer jou antwoord. (2)

4.6 Wat is die tema en boodskap van hierdie gedig? (2)
[10]

EN

ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

eksamen – Annesu de Vos

dit is kakofonie
wanneer jy bang verwilderd
kantel
deur die nag
tussen die bladsye
van hoofstuk vyf
se Klimatologie;
die lêboor van die wyfiesprinkaan
klop
haar eiers stelselmatig stoot
tot in die veilige vesting
van jou dop –
jy sien die dood
as Franse Revolusies bloedloos stol
sodat die lewensiklus
van die mielieboorwurm
in die hamerslae van jou kop
voltooiing vind

tot jy verkorrel
in die suiker van soet slaap

[Uit: *Gebed van 'n groen perske*, Tafelberg]

5.1 Wie is die spreker in die gedig? (1)

5.2 Gee die konnotatiewe betekenis van *kakofonie* soos dit in versreël 1 gebruik word en motiveer waarom dit 'n gepaste woordkeuse is. (2)

5.3 Verduidelik versreëls 8–12 in jou eie woorde. (1)

5.4 Wat is funksie van die aandagstreep in versreël 12? (1)

5.5 Gee TWEE bewyse dat hierdie gedig 'n vrye vers is. (2)

5.6 Herlees die slotstrofe.
Benoem en verduidelik die beeldspraak in hierdie strofe. Motiveer ook hoe die halfrym in die slotstrofe dié beeld ondersteun. (3)
[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE – Eleanor Baker

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

Iris se beheptheid met haar naam en die kwart-voor-sewe-lelie speel 'n groot rol in haar lewe.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde.

[25]

VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS A

Daar was woordeboeke en diverse glansfotoboeke oor sulke uiteenlopende temas as Inka-kuns en moderne boerderymetodes in Hongarye. Ek het afgelei dit was geskenke van dankbare pasiënte. Die onderste twee rakke was vol sagtebandboeke, blitsverkopers, almal dieselfde grootte. Ek het geweet dit grief hom. Dit het die skewe simmetrie van die boonste gegradeerde rakke versteur.

Die meubels in die wagkamer en in sy privaat kantoor was swaar en solied, gemaak om meer as een generasie te dien. Outyds, eintlik. Hy het kennelik nie geglo in die moderne opvatting dat 'n wagkamer lig, vrolik en opbeurend moet wees nie. Sy meubels het ontsag ingeboesem. Vrees ook. Pasiënte het verkommerd na die swaar buffettafel gekyk met sy baie laaie en spieëls. "Dis waar hy die tange bêre," kon ek hulle hoor dink.

Maar terwyl die boor gesellig gedreun het en ek die slurpende pypie onder hulle tonge gehou het, kon ek voortgaan met my fantasieë. Ek kon die uitleg van Greta se kamer verander, Eduard se huis meubileer, blomme op Peter se graf plaas. Ek het omtrent 'n argitekplan van Greta se woonstel geteken voor ek tevrede was met die ligging van haar badkamer en kon voortgaan met die choreografie van haar en Eduard se bewegings. Ek was baie gesteld op korrektheid. Die wette van die werklikheid moes gehoorsaam word. Koffietafels moes nie in die pad wees wanneer daar skielik beweeg moes word nie, gordyne moes net genoeg lig inlaat, telefone mag nie op ongeleë oomblikke gelui het nie.

7.1 In watter ruimte bevind Iris haar in hierdie gedeelte? (1)

7.2 Watter DRIE karaktertrekke van die man na wie Iris hier verwys, kom in reëls 1−6 na vore? (3)

7.3 Watter soort verteller is in reëls 3–5 aan die woord? Sê waarom hierdie soort verteller juis hier funksioneel is. (2)

7.4 Herlees reëls 14–15.
Hoekom het Iris hierdie werk gekies nadat sy studeer het en wat was haar pa se mening oor haar beroepskeuse? (2)

7.5 Herlees reëls 15–20.
Hoekom het Iris die behoefte gehad om denkbeeldige karakters te skep en wanneer het sy Greta, Eduard en Peter geskep? Noem enige EEN ander fantasievlug wat Iris geskep het. (3)

7.6 Verklaar die ironie in die onderstreepte woorde in reëls 20–21. (1)

7.7 Motiveer dat Iris se impulsiwiteit deur haar fantasiewêreld aangevuur is deur na die fiktiewe en die werklike Peter te verwys. (1)

EN

TEKS B

1	"Hoekom wil hy met jou trou?"
2	"Ek weet nie." Die verligting was so groot dat ek nie eens kon lag nie. "Is
3	dit nie wonderlik nie? Hulle leef almal nog. Johanna gaan nie weg nie,
4	Polder huppel nog deur die tuin en soek na my. Ma sal dat Pa die hoë
5	Kersversierings aan die boom hang. Ek gaan hom doodmaak."
6	"Wie?"
7	"Frederik. Dat hy my so laat skrik." Ek het my hande in die lug gegooi en
8	al in die rondte gedraai. "Kom, ons moet uitgaan. So 'n lieflike dag moet
9	gevier word."
10	"Wat wil jy vier?" het Peter suur gevra, maar tog sy skoene vasgeveter
11	en sy anorak van die mat opgetel. " 'n Huweliksaansoek?"
12	"Nee, dat dit nie erger was nie."
13	"Ek beskou 'n huweliksaansoek van 'n wildvreemde as erg genoeg."
14	"Frederik is nie 'n wildvreemde nie."
15	"O?" Hy het die deur vir my oopgehou en die sleutel langs die deur
16	gevat.
17	"Ek het saam met hom gewerk."
18	"En wat nog?"
19	"Niks nie. Ek het niks saam met iemand gedoen sedert ek jou laas
20	gesien het nie." Ek het hom skuins aangekyk. "Wat seker meer is as wat jy
21	kan sê."
22	"As ek ook nee sê, sal jy my glo?" het hy gevra.
23	"Nee."
24	Hy het sy skouers opgehaal en ons het uit die hysbak gestap, verby die
25	bot klerk wat ons woordeloos aangestaar het. "Have a nice day," het ek vir
26	hom gesê.
27	Hy het skewerig geglimlag, maar nie die nasionale groet beantwoord
28	nie.

Kopiereg voorbehou

7.8 Teen watter agtergrond speel reëls 1–5 af? Watter ruimtelike verskil is daar tussen TEKS A en B en hoe skakel Frederik in TEKS B by die ruimte in TEKS A aan? (3)

7.9 Reël 3 verwys na Johanna.
Watter bydrae lewer Johanna tot Iris en haar gesin se lewe? (2)

7.10 Dink jy die huweliksaansoek van Frederik is gepas? Motiveer jou antwoord. (1)

7.11 Motiveer hoekom dit geregverdig is dat Peter en Iris in hierdie gedeelte mekaar se getrouheid bevraagteken en gee die naam van die meisie in Iris se drome wat haar onsekerheid oor Peter se getrouheid aangewakker het. (2)

7.12 Iris ervaar uiterlike konflik met die klerk in die hotel. Hoekom ervaar sy konflik met hom? Dink jy dit is in Iris se aard om met vreemdelinge te bots? Motiveer jou antwoord met DRIE voorbeelde uit die roman. (4)
[25]

MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS – Pieter Pieterse

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG

Nanna speel 'n beduidende rol in Baas en die mense van Barotseland se lewe.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–500 woorde. **[25]**

VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS C

Die een na die ander primitiewe aanwysing dat hier ook mense woon wat van geweet wil wees, kruip by Baas verby – 'n stuk ou nommerplaat aan 'n boom vasgespyker, 'n wieldop met 'n "Stop!"-teken, 'n verroeste modderskerm met 'n skewekam hoenderhaan daarop geteken, 'n "No Parking"- en 'n "No dogs allowed"- bordjie wat kennelik by die een of ander hospitaal verdwyn het, 'n verflenterde motorband met 'n onleesbare naam in wit verf.

Die gehuggies word minder; die troppies beeste en bokke onwilliger om die pad te ontruim; die kinders wat uit die graanlandjies nader storm wanneer hulle 'n voertuig hoor, nuuskieriger; die tweespoorpad slegter; die basterbrakke, wat lyk of hulle iewers in die verre verlede 'n dosis Ierse terriërbloed ingekry het, al meer.

Die Land Rover met die twee opgewonde honde agterop kruip in vierwieltrek deur slaggate en spoelslote, oor hompe vars olifantmis en om rotsblokke wat deur lange jare uit die klipkoppe losgebreek het. Agter die voertuig spring die sleepwa met piepende vere oor die hindernisse.

Waar die ysterkliprante deur stukkies vlakte afgewissel word, is stapel dekgrasbondels op houtstellasies. Honderd en dertig kilometer noord van Ngweze draai Baas na Sioma.

Laatmiddag kry Baas die bougainvilleabos waarvan Mark gepraat het, veertig kilometer van Sioma af teen die hang van die ysterkliprant. Dis 'n dik stomp. Daar is geen teken van lewe in die uitgedroogde takke nie. Langs die verwronge stam hang 'n stuk sinkplaat met die woorde *Manaka Evangelical Mission* netjies daarop geverf.

9.1 Watter soort verteller is in hierdie uittreksel aan die woord en wat is sy funksie in reël 1−6? Gee ook 'n voordeel wat hierdie soort verteller in dié uittreksel inhou. (3)

9.2 Na wie is Baas se basterbrakke onderskeidelik vernoem? (2)

9.3 Herlees reël 19.
Waarom kan die situasie op Manaka met die lewelose bougainvilleabos vergelyk word? Sê watter karaktertrek van Baas na vore kom as hy later die bougainvilleabos natgooi en verklaar hoe dié aksie by die tema van die roman aansluit. (3)

9.4 Verduidelik waarom Dennis Chapman slegs as Baas bekend staan. (1)

9.5 Herlees reël 21–23.
Hoe bevestig Baas sy eienaarskap van Manaka? Veroorsaak die verval van die geboue later konflik? Motiveer jou antwoord. (2)

EN

TEKS D

1	"Ons het al hieroor gepraat," sê hy beheers. "Ek is nie in Barotseland om
2	welsynswerk te kom doen nie."
3	"Moenie weer kwaad word nie." Grace klap verskonend haar hande.
4	"Ek is nie kwaad nie." Hy vryf oor die verweerde stuk kakebeen voor hom
5	op die grond. "Goed, ek is kwaad. Ek sal jou 'n storie vertel. Van 'n
6	skoenlappervanger wat van Kanada af gekom en nege en twintig jaar in Afrika
7	gebly het. Toe ek 'n kind was, het ek hom in my gedagtes gewed dat ek vir hom
8	die skoenlapper sal kan vang wat hy nooit gekry het nie."
9	"Dit is 'n mooi storie." Grace trek met haar vinger patroontjies in die sand.
10	"Het hy jou ooit gesê na watter soort skoenlapper hy gesoek het?" Sy vryf haar
11	hande teen mekaar, haar gesig effens na die grond gedraai, maar haar oë
12	steeds op hom.
13	"Ek het nooit die kans gehad om hom te vra nie." Baas kyk onder die
14	worsboom se takke deur na sy boot hoog op die stellasie. "Hy is dood voor ek
15	gebore is."
16	"Dit sou goed gewees het om die skoenlappervanger te kon ken." Sy staan
17	op. "Nou sal ek eers vir die skoonma van my oorlede pa se suster 'n blikkie vis
18	gaan uithaal."
19	Baas bly op die stomp sit wat meneer Johnnie gebring het, sy hand op Lady
20	se kop. "Ja, ou dienende Martha. En nou moet 'n sendeling se vrou my nog
21	wegbring
22	jagveld toe," sê hy eindelik.

9.6 Waarna verwys die welsynwerk waarvan Baas in reël 2 praat? (1)

9.7 Teen watter agtergrond speel hierdie uittreksel af en wat lei ons omtrent Baas en Grace se verhouding af? (2)

9.8 Noem TWEE simboliese skoenlappers wat Baas vir sy oupagrootjie gevang het. (2)

9.9 Dink jy daar het vanaf TEKS C na TEKS D karakterontwikkeling by Baas plaasgevind? Motiveer jou antwoord met DRIE redes. (3)

9.10 Gee VIER ander voorbeelde uit die roman waar Grace as 'n dienende Martha beskou kan word. (4)

9.11 Wat is die tema en boodskap van *Manaka, Plek van die Horings*? (2)

[25]

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG

Die karakters in Vatmaar se ingesteldheid jeens besittings is een van toeëiening.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde.

[25]

Kopiereg voorbehou

OF

VRAAG 11: KONTEKSTUELE VRAAG

VATMAAR – AHM Scholtz

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

TEKS E

Ja, my Baas.

En jy, dief, wat is jou naam?

Yvonne Müller, sê Tant Wonnie. Sy het haar hande gewys en gesê: Ek het nog nooit ’n ring aan my vingers gehad nie, Mineer, nie vandat ek myself ken nie.

En jy is van Vatmaar? vra hy sonder om enige notisie te vat van wat Tant Wonnie sê.

Ja, Mineer.

Tant Wonnie draai na die ander mense wat nader gestaan het om seker te maak dat hulle niks mis nie.

Ek het ’n man gehad vir wie ek ag kinders in die wêreld gebring het. Hy het my nooit ’n ring gegee om aan my vinger te sit nie, sê sy en laat haar hande sien. Daar wás ’n ring, maar dit was om ons harte, ons kon dit nooit verloor nie, nie eers in die dood nie. My vingers is gemaak vir werk.

Toe, is agterna vertel, het daar ’n traan uit haar linkeroog gekom, die een waarmee sy nie kon sien nie omdat die perdeby haar jare terug daar gesteek het.

Hulle het doodstil na haar staan en kyk, dié mense vir wie sy gehelp en gewerk het vir wat hulle haar ook al wou gee en vir wie sy nooit gesê het dis nie genoeg nie. Party het aspris misbruik gemaak van haar goeie geaardheid en net gesê: Kom môre. Tant Wonnie het nooit die volgende dag teruggegaan vir die betaling nie en net vir haar dogters gesê: Ons is nie betelaars nie.

11.1 Teen watter agtergrond speel die gebeure in die uittreksel af? (1)

11.2 Benoem die soort konflik in reël 2 en verduidelik hoekom hierdie persoon so met Tant Wonnie praat. (2)

11.3 Watter soort verteller is in hierdie uittreksel aan die woord en wat is sy funksie in reël 6–7? Gee ’n voordeel wat hierdie soort verteller in dié uittreksel inhou. (3)

11.4 Hoe word die blanke man in reël 6–7 gestereotipeer? Tref ons enige stereotipering van vroue in hierdie roman aan? Motiveer jou antwoord met TWEE bewyse. (3)

11.5 Noem TWEE belangrike lewenswaardes wat in reël 11–14 aangespreek word. (2)

11.6 Beskryf die stemming wat in reëls 18–20 heers. (1)

11.7 Watter TWEE karaktereienskappe van Tant Wonnie kom in reël 21–23 na vore? Evalueer die inwoners van Vatmaar se optrede jeens Tant Wonnie. (3)

Kopiereg voorbehou

EN

TEKS F

Wat het die sersant gesê toe jy hom die diamant gee?

Baas, hy het gesê hy het al gehoor dat 'n mens hulle in die strate kan optel, maar hy het dit nooit geglo nie en dat ek die grootste aap is wat hy nog ooit teëgekom het. Hy het gevra wat my naam is en ek het gesê Hendruk Jannewarie. Toe sê hy die aanklag is handel in ongeslypte diamante sonder lisensie en besit van 'n ongeslypte diamant.

Die sersant het toe geroep: Konstabel! en 'n swart poeliesman het gekom en die sersant het vir hom gesê om my deur te soek en toe te sluit.

Toe maak die magistraat keel skoon en vra: What has the accused to say before sentence is passed?

Terwyl hy die Bybel 'n laaste kyk uit die hoek van sy oog gee, het Oom Hendruk gedink: Noulat ek die waarheid vertel het, sal die waarheid my vrymaak.

Hy het 'n rukkie nagedink en toe sê hy: Ek het nie die klip gesteel nie, ek het hom opgetel. Dit het aan die aarde behoort. Net soos kos uit die aarde gehaal en vir geld verkoop kan word, so behoort blink klippies ook verkoop te kan word. Die verskil lê by die mense

Die hofsaal was volgepak met bruinmense, sy mense. 'n Hele paar het gemompel: Dit is waar.

Stilte! skree die poeliesman.

Na 'n rukkie sê die magistraat: Ignorance of the law is no excuse, eight years hard labour. Take him away.

11.8 Verduidelik die verband tussen TEKS E en F. (1)

11.9 Herlees reëls 9–10.
Watter gevoel heers daar in Vatmaar teenoor mense wat Engels praat? Is hierdie gevoel geregverdig? Motiveer jou antwoord. (2)

11.10 Waarom het die gemeenskap gevoel die vonnis is oom Hendruk se verdiende loon? (1)

11.11 Noem TWEE redes hoekom Hendruk se verwysing na die Bybel in reël 11 ironies is. (2)

11.12 Herlees reël 14–22.
Noem TWEE redes waarom hierdie gedeelte by die titel en hooftema van die roman aansluit en motiveer of Hendruk se optrede verkeerd was en 'n aktuele waarheid omtrent vandag se samelewing openbaar. (4)
[25]

Kopiereg voorbehou

onderwêreld – Fanie Viljoen

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

VRAAG 12: *onderwêreld* – OPSTELVRAAG

Eckardt se lewensverloop het tot gevolg dat sy sosiale manipulasie meer as een slagoffer het.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde.

[25]

VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG

***onderwêreld* – Fanie Viljoen**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

TEKS G

"Ja, sure," antwoord ek. Vryf my oë. "Ek is op die net. Surf bietjie."
"Hoop nie jy is op die porn sites nie?"
"Sal dit nie waag nie. Nie by dié skool nie, anyway. My pa sal uitfreak as sy skouperd iets doen wat hom 'n skorsing kos."
"So, het jy ook een van daardie pa's?"
"Jy ook?"
Eckardt trek sy skouers op. "Seker nie so erg nie. Maar wat dink jy maak ek hier? Clones, hè, almal van ons – clones van ons pa's. Dis wat hulle hier met ons doen, issit nie? Hulle breinspoel ons sodat ons mooi kan glimlag, die regte dinge doen en sê."
"En in pappa se voetspore kan volg," voltooi ek die sin.
"Ek sien jy weet," sê Eckardt.
Daar is 'n ruk stilte waarin nie ek of Eckardt weet wat om te sê nie. Ek klik daarom maar net op een van die links op die site waarop ek nou is. Voltooi my besonderhede op die blad om te registreer om DVD's te kan invoer van Amerika af.
"Baie gevaarlik wat jy nou doen, nè?" sê Eckardt.
"Hoekom?"
"Kyk daar onder op jou skerm." Hy wys met sy vinger na 'n leë blokkie. "Sien jy, geen slot nie? Dit beteken enigiemand kan sien wat jy nou doen – ás hulle wil sien waarna jy kyk, bygesê."
"Tjol, man," grinnik ek.
"Nee, genuine. En selfs al was daar 'n slot, beteken dit ook nie jy surf veilig nie. Jy moet na die site se sertifikaat gaan kyk."

13.1 Teen watter agtergrond speel hierdie uittreksel af? (1)

13.2 Watter soort verteller is hier aan die woord? Sê waarom hierdie soort verteller in reëls 3–4 funksioneel is en verduidelik waarom 'n ander soort verteller nie geslaagd sou wees nie. (3)

13.3 Eckardt se woorde in reël 5 en 8 dui op 'n belangrike tema in die roman. Benoem die tema en sê waarom die innerlike konflik wat Greg hieroor ervaar eie aan sy karakter is. (2)

13.4 Hoekom is die onderstreepte woorde in reël 9 en 17 ironies? (2)

13.5 Eckardt se woorde in reël 17 lei 'n sosiale plan in wat Eckardt met Greg in hierdie roman speel. Motiveer met TWEE redes hoekom Eckardt dit uitvoer en sê wat die uiteinde van hierdie sosiale plan is. Waarom is Greg se pa se woorde oor die gebrek aan ruggraat wat Greg openbaar, dus ongeregeverdig? (4)

EN

TEKS H

Ken Eckardt my dan só goed, ná net 'n paar maande? Vrek, ek dink nie eens Nicole het dit al besef nie, en ons ken mekaar al byna twee jaar.

"Jip," antwoord ek en voel hoe die lamheid my lyf deurtrek. "Maar dis nie omdat ék wil nie, dis omdat my pa wil. Toe John dood is, was dit asof ek kon sien hoe my pa se oë na my toe draai en sê: 'En nou's dit jou beurt, boetie!'

"As ek kon kies, sou ek my van verander van Owen na ... ag, sommer Van der Merwe. As ek kon kies, was ek nie nou hier nie. Ek sou tevrede wees met 'n gemiddelde skool in 'n gemiddelde woonbuurt met gemiddelde skoolpunte. Ek sou gelukkig wees om vir enige span rugby te speel, nie noodwendig die eerste span nie."

"Maar die gemiddelde mens kom nêrens," sê Eckardt.

"Jy klink soos my pa."

"Dis miskien iets wat hacking my geleer het. Om te dink soos ander mense dink. Maar ook om verder te dink; dis wat jou die voorsprong gee."

Ek kyk op na die helder lug, skerm my oë teen die son. "Ons moet seker teruggaan." Ek fluit vir die perde om nader te kom. Die fluitgeluid slaan uit die verte terug na my toe. Vir 'n oomblik luister ek net daarna, toe roep ek, hard: "G-4ce!" Die berg roep my naam terug. "G-4ce! G-4ce! G-4ce!"

Eckardt staan ook nou op, skud sy broek skoon en roep: "Ekk-o!"

"Ekk-o! Ekk-o! Ekk-o!" antwoord die berg.

13.6 Hoe verskil die atmosfeer wat heers in TEKS G van die atmosfeer in TEKS H? (1)

13.7 Hoe verskil Greg se algehele kommunikasie/verhouding met Nicole van sy pa se verhouding met sy ma? Motiveer met 'n voorbeeld uit die roman dat Nicole tog ook tot Greg se onsekerhede bydra. (2)

13.8 Watter karaktereienskap van Greg kom in reëls 7–11 na vore? (1)

13.9 Die woorde in reël 12 binne konteks van die verhaalgebeure is geregverdig. Motiveer die stelling deur na DRIE voorbeelde in die roman te verwys. (3)

13.10 Waarna verwys G−4ce? (1)

13.11 *Ekk-o* verwys na 'n belangrike motief in die roman. Benoem die motief. Waarom is dit korrek om te sê dat hierdie motief veral in Eckhardt se lewe voorkom? (3)

13.12 Wat is die hooftema en boodskap van *onderwêreld*? (2)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling slegs EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

KRISMIS VAN MAP JACOBS – Adam Small

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF VRAAG 15 (kontekstuele vraag).

VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Die tatoeëermerke op Map se lyf is sy *history* en sy *geography*, maar veral 'n *terrible* gesoek vir 'n *identity*.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP* JACOBS – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

TEKS I

1	MAP:	Ja
2	TOMMY:	*(moedswillig)* En sy dogter, Blanchie ... baie op-
3		gedoen deesdae, ek hoor sy ... ek hoor ... maar
4		nou ja, dis oek nie Tommy Sobotker se biesagheit
5		nie ...
6	MAP:	*(verander van houding)* Wat hoor jy van haar? ...
7	TOMMY:	Het jy vir haar al gesién? ...
8	MAP:	Wat hoor jy van haar? ...
9	TOMMY:	O, ag jy wiet, die wêreld is mos maar so, ek hoor
10		maar wat ek hoor, maar ek wiet oek nie of dit waar
11		is nie ... Ek hoor sy't hierso 'n wit ou, innie
12		Constantia, of so 'n plek, een van die posh wit
13		areas, wat 'n crush het op haar. Hy supply haar
14		glo net mooi moet alles wat sy wil hê, klere en
15		alles, geld oek ... Sy's stylish deesae, jong...
16		*(Asof hy nie bewus is van Map se ontsteltenis nie,*
17		*staan Tommy op en loop "stylish" soos Blanchie.)*
18	TOMMY:	Stylish ...

19	MAP:	*Map ontsteld.*
20	TOMMY:	Ek hoor sy gaan glo een van die dae overseas, vir
21		modelling ... Paris toe ... *(Hy fluit. Map is duidelik hewig*
22		*ontstel.)* 'Is true. Daar was 'n stukkie oor haar en 'n photo
23		van Blanchie, in die koerant, nou nie te lank gelede nie
24		... Top township girl for Paris! ... so iets ... Ja, onse area
25		kom óp! *(Lag.)*
26		*Map staar.*
27	TOMMY:	Hê, wat is 'it, Map
28	MAP:	*(sink)* Nei, niks ... So jy sê, <u>Blanchie is ... annerste</u> ...
29	TOMMY:	Nogal, maar jy wiet, 'is nou nie Tommy Sobotker
30		se biesagheit nie, 'cause <u>Tommy hou sy nies net</u>
31		<u>by sy eie sake, soes jy wiet</u>...

15.1 Herlees reël 1–3.
Hoe help die toneelaanwysing die leser om reëls 2–5 korrek te interpreteer? (1)

15.2 Teen watter agtergrond vind hierdie gesprek tussen Map en Tommy plaas? (1)

15.3 Wat is die funksie van die beletseltekens in reël 3 en 5 onderskeidelik? (2)

15.4 Herlees reël 9–18.
Om watter rede, dink jy, deel Tommy hierdie nuus met Map en is Map se reaksie hierop realisties? Wat suggereer Map se optrede hierna ten opsigte van sy bekering? (3)

15.5 Watter TWEE karaktereienskappe van Tommy blyk duidelik uit sy optrede in reëls 16–17? (2)

15.6 Verklaar die ironie in die onderstreepte woorde in reël 28 en reël 30–31. (2)

15.7 Net na hierdie uittreksel gee Tommy vir Cavernelis die skuld vir Blanchie se optrede. Wat was Cavernelis se motivering hiervoor en slaag Cavernelis eindelik in sy doel? Motiveer jou antwoord. (2)

EN

TEKS J

1		*Die lig verander. Dan sien ons hoe Willy la Guma oor*
2		*die straat gehardloop kom. Onder sy arm is Cavernelis*
3		*se soft goods-suitcase, soos dit platgetrap is deur die*
4		*trein. Hy steier teen die flat se trap op, na Maud toe.*
5		*Map staar; beneweld. Blanchie die verpersoonliking*
6		*van skok. Die dinge gebeur nou vir hulle soos in 'n*
7		*buitewêreld waarop hulle net maar toekyk.*
8		*Maud op die platformpie bo asof sy daar vasgenael is.*
9		*Die mense vergader in die straat.*
10		*Dan is Willy by Maud.*
11	BLANCHIE:	'Is nie waar nie!! ... *(Haar liggaam ruk histeries. Map*
12		*hou haar vas.)*
13		
14	LA GUMA:	*(bewe, weet nie mooi hoe nie)* Missies ... C...
15		*Maud se gesig trek-trek en sy kry nog geen woord uit nie.*
16		
17	LA GUMA:	Ek het ... niks gekan doen nie ... Ons was saam ... Ek
18		het saam met mister C ... ge-jog ... langes sy bicycle ...
19		By die crossing, toe kom die trein ... toe stop ek, ek
20		dink toe mister C gaan oek ... ek mien stop ... Maar ...
21		O my God ... missies C ... ek skreeu vir hom, mister C!!
22		... mister C!! ... en toe ... en toe ... Die trein ... die
23		bicycle ... Mister C ... ek het niks gekan doen nie!! ... Ek
24		... *(Hy sluk. Sy oë staan vol trane. Hy hou die*
25		*stukkende tas en ons sien hoe Maud van die*
26		*kledingstukke daaruit trek en deur haar vingers laat*
27		*loop.)*
28	MAUD:	*(bibber die woorde onsamehangend uit)* He ... was ... a
29		good man ... Cavernelis ... darling ...

15.8 Verklaar die rol van die verteller in reël 1–11. (1)

15.9 Wat is die *soft good suitcase* waarna daar in reël 3 verwys word? Watter simboliese waarde verkry hierdie rekwisiet in die drama? (2)

15.10 La Guma se houding is in hierdie uittreksel heeltemal anders as wat ons hom deur die res van die drama leer ken. Beskryf La Guma se karakter vroeër in die drama deur TWEE karaktereienskappe te noem. Motiveer ook dat La Guma 'n karikatuur is. (3)

15.11 Map hou vir Blanchie vas. Hoe verskil sy gevoel wat hy teenoor Blanchie koester in TEKS J van sy gevoel in TEKS I en wat is 'n moontlike rede vir die veranderde gevoel of houding? (2)

15.12 Herlees reëls 17–29.
Wat dink jy het Cavernelis aan die einde van die drama laat optree soos hy het? Evalueer Maud se handeling in reëls 24–27 en motiveer met TWEE redes of Maud se dialoog in reël 28–29 geregverdig is. (4)
[25]

OF

***MIS* – Reza de Wet**

Beantwoord ÓF VRAAG 16 (opstelvraag) ÓF VRAAG 17 (kontekstuele vraag).

VRAAG 16: *MIS* – OPSTELVRAAG

Miem en Gertie word as erg konserwatief uitgebeeld. Tog vorm beide deel van die Calvinistiese skynheiligheid.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

VRAAG 17: KONTEKSTUELE VRAAG – *Mis* – Reza de Wet

Lees die uittreksels aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

TEKS K

1	MIEM:	Gaan maak dit tog leeg, my kind. En spoel dit goed uit.
2	KONSTABEL:	Laat ek help.
3	MEISIE:	Dankie. As dit vol is, is dit baie swaar. As jy eenkant vat, dan vat
4		ek die ander kant.
5	KONSTABEL:	Dis goed so.
6	MEISIE:	(*bly)* En as ons baie gesels, dan hoef ons nie die musiek te hoor
7		nie.
8		*Die KONSTABEL staan op. MEISIE neem sy arm en lei hom na*
9		*die emmer. Sy sit sy hand op die handvatsel.*
10	MIEM:	Dit is gaaf van u, Konstabel.
11		*MEISIE en die KONSTABEL beweeg met die slopemmer na die*
12		*ag-terdeur. Van die inhoud spat uit.*
13	MIEM:	Meisie, sê vir die konstabel van die drie trappe op na die
14		kleinhuisie.

15	MEISIE:	Ja, Ma. (*Maak die deur oop.)*
16		*Die sirkusmusiek kan gehoor word. MEISIE en die KONSTABEL*
17		*na buite.*
18	MIEM:	(*trap versigtig oor die spatsel, gaan staan by die deur en kyk*
19		*agterna)*
20		En moenie op die flappe trap nie. Hulle word vanjaar so mooi.
21		*(Sag aan GERTIE)* Die tweetjies kom nogal doed klaar.

17.1 Herlees reël 1.
Wat is die *dit* waarna Miem verwys?. Gee TWEE bewyse uit die drama hoe *dit* Meisie se lewe beïnvloed het. (3)

17.2 Watter enkele woord in reëls 3–4 suggereer 'n gemaklike, vriendskaplike verhouding tussen Meisie en Konstabel? (1)

17.3 Motiveer waarom dit korrek is om te glo dat hierdie vriendskap Miem se bevryding kan beteken. (2)

17.4 Meisie ervaar innerlike konflik wanneer sy die sirkusmusiek hoor.
Verduidelik waarom dit vir Meisie belangrik is om die sirkusmusiek (reël 6) nié te hoor nie. (2)

17.5 Lewer kritiese kommentaar of die effek van die herhaalde verwysings na *sirkusmusiek* in die drama geslaagd is. Motiveer jou antwoord met TWEE bewyse. (3)

17.6 Volgens reël 1, 13 en 20 is Miem baie voorskriftelik.
Hoe sluit dié dialoog by die tema van die drama aan en is dit geregverdig om te sê die tema is aktueel? (2)

EN

TEKS L

1	KONSTABEL:	... Sy is nie haastig nie. Sy knoop haar bloes stadig los.
2		*GERTIE begin haar bloes stadig losknoop*
3	KONSTABEL:	Van bo na onder. Elke knopie. Een vir een. Sy trek haar
4		bloes oor haar skouers en laat dit val.
5		*GERTIE laat haar bloes op die vloer val. Onder haar bloes*
6		*dra sy 'n onooglike wit wol – frokkie.*
7	KONSTABEL:	En daar staan sy in haar onderklere. Onderklere van kant en
8		sy. *GERTIE kyk in ekstase na haarself in die denkbeeldige*
9		*spieël.*
10	KONSTABEL:	Sy kyk weer na haarself. Sy streel haar palms stadig langs
11		haar sye af.
12		*GERTIE streel haar palms langs haar sye af. Sy sug van*
13		*plesier.*
14	KONSTABEL:	Sy word twee mense. Sy begeer. En sy word begeer.
15		*GERTIE kyk byna in 'n beswyming na haar' beeld' in die*
16		*spieël. Skielik gaan 'n deur oop. Die geluid van die wind hou*
17		*op. Daar is voetstappe in die gang. GERTIE lyk verward, asof*
18		*sy skielik wakker skrik. Sy gryp haar bloes en haarnaalde van*
19		*die tafel af en verdwyn vinnig deur die agterdeur. Die*
20		*agterdeur klap hard agter haar toe. Na 'n oomblik verskyn*
21		*MIEM in die deur. Oor haar arm is 'n pienk kombers.*
22	MIEM:	En wie is so skielik hier uit?
23	KONSTABEL:	Dit is juffrou Gertie.
24	MIEM:	(*snork)* Dit is seker weer die vars lug en die oefening. Dit is
25		regtig onverstandig van haar. Op so 'n aand. Ek is darem
26		seker Wagter sal 'n ogie oor haar hou. Ek het net die kombers
27		gebring. As u so 'n bietjie wil skuins lê op die bank. Nou ja,
28		goeienag, Konstabel. En weer eens dankie.

17.7 In die voorafgaande gedeelte vertel Konstabel van tant Hannie se lang golwende hare.

Waarom is dit noodsaaklik dat hy dit moet noem? (1)

17.8 Hoe sou die weglaat van woorde soos "stadig" (reël 2), "ekstase" (reël 8), "streel" (reël 12) die stemming/atmosfeer van die aangehaalde gedeelte beïnvloed? (1)

17.9 Waarin lê die ironie in Konstabel se woorde in reël 14? (1)

17.10 Is Konstabel se vergelyking tussen tant Hannie en Gertie geregverdig? (2)

Kopiereg voorbehou

17.11 Herlees reël 24.
Waarop dui Miem se snork en is die bring van die kombers geloofwaardig? Motiveer jou antwoord. Watter karaktereienskap openbaar Miem hiermee? (3)

17.12 Hoe sluit Konstabel se optrede teenoor Meisie in TEKS K en teenoor Gertie in TEKS L by die tema van die drama aan? Watter gevolge hou hierdie optrede vir Meisie in? (4)
[25]

TOTAAL AFDELING C: 25
GROOTTOTAAL: 80

Kopiereg voorbehou